HOËRSKOOL RANDBURG

AKADEMIE • SPORT • KULTUUR

16 Februarie 2022

Algemene Oueromsendbrief No 05 van 2022

Geagte Ouers/Voogde

SKOOLGELDE 2022

Die skool kan nie funksioneer sonder u, as ouer, se betaling van skoolgelde nie. Volgens die Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996 is skoolgelde 'n statutêre verpligting. Ouers het reeds die finansiële ooreenkoms onderteken en is deeglik bewus van die verpligting daarin vervat. Skoolgelde vir die jaar 2022 beloop R32 880.00 (R3 288.00 per maand) en is betaalbaar in gelyke heffings van 1 Januarie 2022 tot 1 Oktober 2022.

Ons wil die ouers bedank wat erns maak met hierdie verpligting om hul skoolgeld betalings op datum te hou. Ongelukkig is daar ouers wat nie hul verpligting vir Januarie 2022 en/of Februarie 2022 nagekom het nie. Indien u probleme ondervind, versoek ons dat u dringend met die skool sal kontak maak om verleentheid te voorkom.

Volgens die regulasies vir kwytskelding/vermindering van ouers van die betaling van skoolgeld in publieke skole, vervat in *Staatskoerant nr. 29311 gedateer 18 Oktober 2006,* moet die formele aansoekproses gevolg word. Die aansoekvorms moet persoonlik by Mev. E van Rooyen, debiteure@hsrandburg.co.za, afgehaal word en ingedien word.

Neem kennis dat die aansoeke om kwytskelding/vermindering van skoolgelde op **28 Februarie 2022** sluit. **GEEN aansoeke sal na hierdie datum oorweeg word sonder 'n geldige motivering nie.**

Ons druk dit op ouers se harte om hul skoolgeldverpligting stiptelik na te kom.

FINANSIËLE KOMITEE
BEHEERLIGGAAM

TEL : (011) 782 6226/7 • FAKS : 0866 715 203 • MALIBONGWE RYLAAN • POSBUS 77252 FONTAINEBLEAU 2032
E-POS : hsrandb@global.co.za • WEBWERF : www.hsrandburg.co.za